

OESTERBAAI INWONERSVERENIGING
NOTULE: VERGADERING VAN DIE BESTUURSKOMITEE GEHOU OP 7 JANUARIE 2019 OM
15:00 TE BRANDERSTRAAT, OESTERBAAI

1 OPENING & VERWELKOMING

Walter open vergadering met gebed

2 TEENWOORDIG

Walter Kurten

Hettie Jooste

Adriaan van Wyk

Fanie Groenewald

Lana Pepler

Joe Meyer

Otto Pepler

3 VERSKONINGS

Riekie Pienaar

Adriaan vra dat hy om 16:30 verskoon moet word agv ander verpligtinge.

4 AANVAARDING VAN VORIGE NOTULE

HJ maak verskoning dat vorige notule nog nie afgehandel is nie – sal voor einde Januarie versprei word.

5 PORTEFEULJES VIR 2019

Walter Kurten: JM stel voor, HJ sekondeer: Voorsitter, skakeling.

Fanie Groenewald: JM stel voor, OP sekondeer

Ondervoorsitter, kersmark, bemarking en kommunikasie

Hettie Jooste: FG stel voor, JM sekondeer

Sekretaresse, webwerf, water, kommunikasie, tuine en gemeenskapsaal

Martiens Kunneke: AvW stel voor, HJ sekondeer

Tesourier, fondsinsameling en hulp met instandhouding van gemeenskapsaal

Joe Meyer: Omgewingsake, paaie, lewensredders en fondsinsameling

Otto Pepler: Water en fondsinsameling

Lana Pepler: Afvalstortingsterrein, toerisme (Bryan Dudlu)

Riekie Pienaar: Brandweer, kersmark en toerisme

Adriaan van Wyk: Umzamo, gemeenskapsaal, skakeling met DBV

6 SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE

6.1 Omgewingsake

JM gaan kontak maak met Frank Silberbauer (omgewingspesialis) en die burgemeester om te verseker dat die OIV en Umzamowethu insae en deelname het aan die R10miljoen projek. 'n Skriftelike bevestiging sal versoek word.

OP noem dat die R150 miljoen vir water in die begroting voor Maart spandeer moet word – volgens JM strek die begroting tot einde Junie.

6.2 Watervoorsiening

OP berig dat daar vir die eerste keer in 5 jaar geen waterprobleme was die afgelope seisoen nie. Dit is danksy die personeel van Kouga Munisipaliteit met die hulp van

Willie Botha. Al die nodige onderhoudswerk is gedurende November gedoen met die hulp van Dale, Paulus en Sakkie. Hierdie span was paraat en het alle waterlekkie flink herstel. **OP** stel voor dat hul in die volgende nuusbrief bedank word.

Die toekoms vir watervoorsiening lyk goed. Die onderste nuwe boorgat lewer 8000 liter/uur, die boonste boorgat gaan in nuwe jaar getoets word. Beide boorgate sal met aparte pype gekoppel word na die boonste reservoir. **FG** stel voor dat Willie skriftelik bedank word.

OP stel voor dat 'n bystandslus opgestel word met die kontakbesonderhede van elektrisiëns, loodgieters, ens en dat dit dan aan almal beskikbaar gestel word tydens die vakansieseisoen – met ander woorde 'n kort lys van beskikbare nooddienste.

6.3 Lewensredders

Vier lewensredders het diens gedoen gedurende die vakansie. Twee is daaglik van St Francis na Oesterbaai vervoer en twee het in Umzamowethu tuisgegaan. Volgens hul toesighouer is hul sonder enige geld tot 21 Desember. **JM** het R1300 spandeer aan kos vir hulle en daar is belowe dat hulle dit sal terugbetaal. Dit het nie gerealiseer en daar word besluit dat die bedrag uit OIV fondse aan Joe terugbetaal sal word.

JM stel voor dat daar begroot word vir 'n bedrag van R2225 (R30/dag x 4). **OP** stel 'n bedrag van R5000 voor.

AvW is nie ten gunste van die besluit nie.

6.4 Gemeenskapsaal

Behoeftelys is opgestel. **JM** is besig om die kostes te bereken. Daar word ook voorsiening gemaak vir gegalvaniseerde draad vir die omheining.

FG doen navraag oor 'n bydrae van die KM om te help met die kostes en **JM** onderneem om die voltooid behoeftelys aan KM te stuur.

AvW versoek dat die saal hierdie jaar aan niemand gratis beskikbaar gestel word nie. **WK** vra dat 'n beginselbesluit hieroor geneem word aangesien die saal veronderstel is om 'n inkomste vir die OIV te wees.

FG versoek dat nie-winsgewende organisasies, bv kerke en NSRI gratis gebruikmaak van die saal. **AvW** noem dat die skoonmaak van die saal na 'n funksie groot werk is en kostes meebring en vra of hierdie kostes ingesluit is.

Meerderheid van die komitee stem saam dat almal moet betaal vir die saal en dat kostes hersien moet word.

FG steun nie hierdie besluit nie.

6.5 Afvalstortingsterrein

OP stel voor dat OIV 'n dakkie bou vir die opsigters. **LP** sal navraag doen by Sanitech oor die plasing van 'n tydelike toilet. **LP** sal ook met Swartbooi opvolg oor die beloftes van 'n huisie en toiletgeriewe by die terrein. Die kennisgewingbord moet vervang word aangesien die Afrikaans op die bord baie swak taalgebruik is.

6.6 Brandweer

Staan oor na volgende vergadering.

6.7 Paaie

JM gaan R10 000 nodig vir die herstel van die paaie. Willie Botha sal genader word om te help met grond en teer. R5000 sal nodig word voor die reënseisoen en R5000 na die reënseisoen. **JM** sal in April Oesterbaai toe kom om die werk te doen.

6.8 Kommunikasie

Staan oor na volgende vergadering.

6.9 Umzamowethu

Staan oor na volgende vergadering.

6.10 Finansies

HJ rapporteer dat R25 370 aan die einde van Desember gebank is. Hierdie bedrag bestaan uit die volgende: Ledegeld R2 400, Donasies R600, Kersmark R6 180, T-hemde R1 000, Saal R90, Kersdienskollekte R15 100.

Stand van rekeninge einde Desember: Tjek R42 125, Beleggingsrekening R58 000.

6.11 Fondsinsameling

'n Prioriteitslys moet opgestel word. **JM** bied aan om dit te koördineer en vra almal se insette binne die volgende week.

6.12 Kersmark

FG bedank Joe vir die diens as fotograaf op kort kennisgewing.

FG voel dat die kersmark en pretdag geskei moet word en dat die kersmark na die saal moet verskuif. Insette van die uitstallers sal verkry word. **JM** steun die voorstel dat die kersmark skuif na die saal en vra dat 'n poging aangewend moet word om meer betrokkenheid van Umzamowethu gekry moet word sodat hulle ook stalletjies bekom.

JM bedank en komplimenteer **FG** vir die harde werk en puik organisasie van die kersmark.

6.13 Moreletapark

FG gee goeie terugvoering oor die Moreleta Stranddiensspan. Ds PC Pretorius, Pieter en Gerald het ook goeie terugvoering gegee en 'n goeie span bestuur. **FG** het in sy persoonlike hoedanigheid 'n bedankingsbrief aan hulle gestuur.

'n Baie suksesvolle uitreik na Umzamowethu is ook gedoen. **JM** stel voor dat daar 'n jong groep saamgestel word om behulpsaam te wees met die uitdeel van kerspakkies en daar moet 'n sterker gesindheid opgebou word.

FG vra ook dat daar na die tydgleuf van die Kersliedere by Kerslig gekyk word en om meer Umzamowethu kinders betrokke te kry. **OP** stel voor dat almal idees aan **FG** deurgee.

6.14 Klankstelsel

WK stel voor dat daar na die aankoop van 'n klankstelsel gekyk word. Willie Oosthuizen sal genader word om te help hiermee. **JM** vra of dit werklik die moeite werd is om die geld daaraan te spandeer aangesien dit net een keer per jaar gebruik

word en noem dat dit dalk oorweeg moet word 'n klankstelsel te huur. **WK** sal ondersoek instel na die kostes verbonde aan die huur van 'n gepaste stelsel.

NUWE SAKE

7.1 Verpligte bydra

Geen bespreking.

7.2 Grondwet

WK vra of dit werklik nodig is om grondwet te verander. Chrisjan Korf het aangebied om vir ons na die grondwet te kyk. **HJ** sal dit aanstuur.

7.3 Erf/straatnommer

WK bedank **HJ** vir die gedagte en die uitstuur van kommunikasie. Aangesien daar verwarring is oor straatnommer sal inwoners aangemoedig word om erfnommers te gebruik.

8 VOLGENDE VERGADERING

Datum sal gekommunikeer word.

9 AFSLUITING

Almal word bedank vir hulle insette en harde werk.


.....
GOEDGEKEUR
VOORSITTER


.....
SEKRETARESSE

Datum: 19-03-2019